**Donderdag 5 Januarie**
**Skrifgedeelte: Handelinge 13:44-52**
**Fokusgedeelte: Handelinge 13:47, 48**
**Roeping (2)**

Paulus verkondig die evangelie aan die Jode in Antiochië met 'n oproep tot geloof en bekering (Hand. 13:23-41), dit is die uitwendige roeping wat plaasvind op grond van God se opdrag om 'n lig van die nasies te wees, "tot redding ... tot aan die einde van die aarde" (vs 47), wat na alle mense en volke moet uitgaan (Matt. 28:18-20). Paulus en Barnabas het "vry-uit gespreek" (vs 46), in die woorde van die Dordtse Leerreëls 2.5, het hulle "hierdie belofte ... aan alle volke en mense aan wie God na sy evangelie stuur, sonder onderskeid en willekeur verkondig en bekend gestel ... met die eis tot bekering en geloof".

Die ongelowiges het egter die Woord en evangelie verwerp, die uitwendige roeping, tot hulle eie regverdige veroordeling (vs 46), maar die "heidene", dit is die nie-Jode, het die evangelie met blydskap aangeneem toe hulle dit hoor, "en hulle het die woord van die Here geprys" (vs 48). Dit is die inwendige roeping, waar die Gees van God kragtig en onweerstaanbaar die volkome reddingswerk van Christus, soos bestem deur die Vader, toepas. Daarom die woorde "... en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe" (vs 48; Ef. 1:3, 4), dit is elkeen van sy uitverkorenes onder die Jode en die nie-Jode (vs 46c).

Treffend sien ons hier die begin van God se heilsorde wat plaasvind, oftewel toegepas word (Rom. 8:28-30), nie noodwendig chronologies nie – daar is die roeping wat uitgaan deur die evangelieverkondiging (vs 44-46), dan vind wedergeboorte deur die Gees plaas, dan volg geloof en bekering, en dit is alles die vrug van die genadige uitverkiesing na God se vrye welbehae (vs 48).

Saam met alle gelowiges deur alle eeue kan ons ons opnuut verwonder in die HERE se genade, ook vir ons wat vandag genadiglik glo, bely en nou sy Naam kan prys, omdat die Gees ons laat deel kry het aan die weldade van Christus.

*Sing: Psalm 96-1:4, 5, 6*

*Ds. S le Cornu (Slabbert) (Carletonville)*